*UIT DIE PEN VAN DIE CEO (34/24)*
**(Volg my op X justchad_cga)**
*Justin Chadwick 23 Augustus 2024*

### *"Go out into the sunlight and be happy with what you see" Winston Churchill*

**NAVORSING VERSEKER VOLHOUBARE TOEKOMS VAN SUIDER-AFRIKA SE SITRUS (Dr Vaughan Hattingh)**

Internasionaal erkende navorsing gedoen deur Citrus Research International (CRI), en sy netwerk van samewerkende navorsingsverenigings, help om Suider-Afrika se sitrusbedryf teen die bedreigings van siektes en plae te beveilig en die beste tegniese kennis en dienste aan produsente beskikbaar te stel. Uitvoersitrus dra jaarliks sowat R30 miljard by tot die Suid-Afrikaanse ekonomie en verskaf werk aan 140 000 mense op plaasvlak. Sonder topvlaknavorsing oor 'n wye reeks tegniese kwessies, sou die bedryf wankel en uitvoermarkte sluit.

Hernieude ondersteuning vir die streek se uitsonderlike plantgesondheidswaaksaamheid is by die 12de Sitrusnavorsingsimposium aangebied, gehou in die Sentraal Drakensberge van 19 - 21 Augustus, en aangebied deur CRI. Die simposium wat elke twee jaar plaasvind, het een van die grootste landboukonferensies in Suid-Afrika geword. 850 afgevaardigdes het dit bygewoon, wat sitrusprodusente, pakhuise, uitvoerders, internasionale navorsingsvennote, kwekerye en ondersteunende bedrywe soos verpakking, logistiek en landbouchemikalieë verteenwoordig.

Tans is die Suid-Afrikaanse regering betrokke by twee geskiedkundige handelsgeskille by die Wêreldhandelsorganisasie (WHO) oor die Europese Unie se sitrus-invoerregulasies. Die sake handel oor Valskodlingmot (VKM) en Sitrusswartvlek (CBS), wat beide die onderwerp van uitgebreide navorsing is om effektiewe beheer moontlik te maak.

By die simposium is nuwe navorsingsresultate oor VKM deur navorsers aangebied, insluitend 'n nuwe VKM-opsporingstegniek wat gebruik maak van die ontleding van reuk, sowel as die fyn instelling van na-oesbehandelings van vrugte, om die teenwoordigheid van enige oorlewende VKM-larwes uit te skakel. Hoogtepunte op CBS-navorsing het 'n nuwe matriks vir CBS-risiko-assessering van individuele boorde ingesluit wat produsente kan help, terwyl 'n ander studie natuurlike anti-fungale verbindings in sitrusskille geïdentifiseer het wat deel kan word van 'n omgewingsvolhoubare middel vir CBS.

"Information on plant diseases and pests might seem highly technical or obscure, but when you know that so many jobs and income depend on keeping citrus healthy, then it places it all in context," sê dr Aruna Manrakhan, Navorsings-entomoloog by die CRI. "For instance, at the symposium a researcher calculated that it costs the citrus industry R386 million per year to counter the fruit fly. Always improving is an economic imperative."

Nog 'n onderwerp van ernstige bespreking by die simposium was Huanglongbing (HLB), ook bekend as Asiatiese Sitrusvergroening. Suider-Afrika is heeltemal vry van die siekte, maar dit het onlangs sitrusbedrywe in sommige ander groot sitrusproduksiestreke in die wêreld, soos Florida, verwoes.

Besonderhede van die CRI se vennootskap met die Universiteit van Florida oor HLB-weerstandbiedende onderstamme is ook by die simposium aangebied. "Breeding disease resistant rootstocks takes time, but research on HLB resistance is looking promising. South Africa has time to prepare methods that can successfully avoid the HLB nightmare that has taken place in other countries and maintain production of export quality fruit," het dr Paul Cronje gesê, *Citriculture* Portefeulje-bestuurder by CRI.

Om saam met die Suid-Afrikaanse regering te werk om biosekuriteit en marktoegang te versterk, is 'n belangrike prioriteit vir CRI, om tesame sitrusprodusente in staat te stel om volhoubaar topgehalte sitrusvrugte aan verbruikers regoor die wêreld te verskaf. Die CRI befonds en koördineer tans 131 aktiewe navorsingsprojekte en bedryf 'n wye navorsingsvennootskapsmodel wat 22 plaaslike en internasionale navorsingsamewerkings insluit.

"We export to over 100 countries, and when consumers are enjoying South African citrus' superior quality and taste, they don't think of the enormous network of important role-players and events like the symposium, or the workshops, study groups, courses and other technology transfer channels," het Hannes Bester, Nasionale Voorligtingsbestuurder by CRI, gesê. "We give consumers a great product, and at events like this we take pride in the dedicated efforts of all role-players."

**GEPAK EN VERSKEEP**

| Einde van Week 33<br>Miljoen 15 Kg Kartonne | Gepak | Gepak | Gepak | Verskeep | Verskeep | Oorspronk-like skatting | Nuutste voorspel-ling | Finaal gepak | *Vision* 260 |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| **BRON: PPECB/AGRIHUB** | 2022 | 2023 | 2024 | 2023 | 2024 | 2024 | 2024 | 2023 | 2024 |
| Pomelo's | 16.5 m | 13.3 m | 13.7 m | 12.8 m | 13.1 m | 16.8 m | 15 m | 14.7 m | 16.2 m |
| Mandaryne | 29.5 m | 34.6 m | 36.3 m | 29.5 m | 29.5 m | 43.0 m | 42 m | 38.0 m | 39.6 m |
| Suurlemoene | 35.5 m | 35.4 m | 33 m | 33.9 m | 30.8 m | 37.9 m | 33.9 m | 35.6 m | 39.0 m |
| Nawels | 27 m | 24.7 m | 22.4 m | 21.4 m | 18.6 m | 25.7 m | **22.8 m** | 24.8 m | 22.3 m |
| Valencias | 31.9 m | 33.4 m | 27.4 m | 23.5 m | 18.7 m | 58.3 m | **49.6 m** | 52.0 m | 55.4 m |
| **Totaal** | **140.4 m** | **141.4 m** | **132.8 m** | **121.1 m** | **110.7 m** | **181.7m** | **163.3 m** | **165.1 m** | **172.5 m** |

***THE CGA GROUP (CRI, RIVER BIOSCIENCE, XSIT, CGA CULTIVAR COMPANY, CGA GROWER DEVELOPMENT COMPANY & CITRUS ACADEMY) ARE SUPPORTED BY AND WORK FOR THE CITRUS GROWERS' OF SOUTHERN AFRICA***

*THE CGA GROUP (CRI, RIVER BIOSCIENCE, XSIT, CGA CULTIVAR COMPANY, CGA GROWER DEVELOPMENT COMPANY & CITRUS ACADEMY) ARE SUPPORTED BY AND WORK FOR THE CITRUS GROWERS' OF SOUTHERN AFRICA*